HOU JY VAN ONS NUUSBRIEF

SE NUWE NAAM? JA / NEE

GOOI ANTWOORD IN "DI BOX"

# ARC(i)NUUS

April

Volume 1 : Uitgawe 2

## MOET DIT NIE MIS NIE : 23 APRIL 2010

## JAN—MAR 2010

SIEN ADVERTENSIE BYLAAG



LEER MEER OOR DIE "SOCIAL BUNNIES" HIERDIE MAAND: CHANYE MARX

SIEN BL 2 VIR INTERESSANTE FEITE OOR CHANYE

HI julle, ek kan nie glo die eerste kwartaal is al verby nie.!

Dis nou nog net 'n paar weke dan is die een ook verby en voor jy weet is die jaar alweer verby. . ... dan is die graad 7's oppad GROOT skool toe en die matrieks oppad UNIVERSITEIT toe. WOW!!!. Dit maak my bang.

Hierdie kwartaal wat verby is was maar net die begin, Die begin van baie dinge,: ons het die logo probeer verander, maar dié bly soos dit is. Daar was OXYGEN by die Brackenhurst-gemeente wat 'n reuse sukses was—dankie aan almal van julle wat daar was. Die sprekers het my oë oopgemaak, en ek glo julle s'n ook. Ek wil ook dankie sê vir dié van julle wat gehelp het met die worsrol-verkope - julle het 'n hele klompie geld gemaak. Ons maak weer so in die kwartaal wat voorlê.

Hierdie kwartaal gaan nog beter wees. Ons kamp, wat op die naweek van die 16de April plaasvind, gaan legendaries wees. Ek kan nie wag daarvoor nie. Ek hoop die Godly Revolution is ook dié kwartaal, maar ons wag egter nog vir die datums. Ons "challenge" die junior jeug in Fearfactor - asb, asb, asb, kom neem deel dat ons hulle kan wen. Ek wil graag 'n gemeenskapsuitreik doen—bring vir ons idees. Die Kids-games in die lang vakansie gaan ook iets wees vir die boeke—kom help asb.. daar ook. Dis al wat ek vir nou te sê het. O, behalwe dat ek hoop hierdie kwartaal is die beste een ooit (tot dusvêr)! Ek sê solank sterkte vir die eksamens en die toetse en geluk met julle verjaarsdae en "Happy Mother's-day" en "Happy Father's-day" en as ek iets vergeet het. . ....ek is jammer. Groete Rozanne

**Kry inskrywingsvorm by Ta' Christa Volschenk**
**R10 inskrywings geld kom na die jeug toe!!!!!!!**

## DIE LOGO BLY!!

Die logo is hier om te bly—kom ons leer wat dit uitbeeld:

Kruis: Ons geloof

Son: Hoop op die Toekoms

ARC: Almal Roem Christus

Kom ons wees trots op die logo—ons wil gholfhemde laat maak sodat ons die jeug na buite kan adverteer. Plaas jul bestellings by Rozanne (R70 per hemp) en dra dit met trots! (ons moet minimum van 20 hemde bestel)

## WAZZUP

- Jeugkamp : 16—18 April 2010
- Fear Factor : 23 April
- Sokkerfees : 12 Junie

En nog baie meer !!!!

Lees verder .....

# 'n JEUG werker?

"Wat is dít?" vra julle my. Wel, dit is 'n persoon wat die jeug se vrae beantwoord en hulle help met die probleme wat hulle daagliks beleef.

Ek is nog maar nuut in die pos so ek leer ook nog. Hierdie is vir my die LEKKERSTE werk wat ek nog ooit gedoen het. Ek geniet dit ongelooflik baie. Die jeug is vir my 'n lekker uitdaging, omdat ek ook nog op 'n manier soos julle dink. Ek verstaan meeste van die kere julle probleme en ek weet nog hoe dit voel as jou lewe party dae te moeilik raak vir jou.

Ek is op 'n voltydse basis by Hoërskool Dinamika en geniet die skool baie. Dit is 'n vriendelike omgewing en die skoolkinders is baie vriendelik en behulpsaam; die personeel is net so vriendelik. Die matrieks het 'n "sel"-groep elke Woensdag gedurende pouse en ek het daarby aangesluit. Ek is verbaas oor die hoeveelheid Gees wat in die jongmense is. Hulle is so maklik om mee te gesels en hulle gesels oor praktiese goed, goed wat tieners pla en goed wat baie na aan die hart van 'n tiener is.

Ek hoop om nog 'n groot verskil te maak in die lewe van 'n hele klomp jongmense in ons gemeente en in die skool. Ons beplan 'n hele paar lekker dinge vir die jaar soos die kamp, kuier-aande by die kerk, "ten-pin bowling"-aande, "movie"-aande ens. Kom ondersteun ons asb.



CHANYE

Hi Chanye: Vertel ons 'n bietjie van jou toe:

Watter kleur is jou oë?: Groen/blou (Afhangende van my bui—ek gaan nie verklik wanneer dit 'n goeie of slegte bui is nie—dit is 'n verrassing!)
Na watse musiek luister jy? Alles
Wat wou jy word toe jy 7 was?: Onderwyser
Wat wil jy nou word? Nogsteeds 'n onderwyser maar gaan sielkunde ook doen
Gunstelling quote: Als gebeur vir 'n rede

Vertel ons van jou eerste ontmoeting met God : Uhm, in graad 7 of 8 toe ek die "weirdste" drome begin kry het en agtergekom het dat dit my Pappa is wat met my praat, het ek begin bewus raak van Hom en gesê ek glo, maar in Julie verlede jaar by Chrysilast het ek Hom eers als gegee wat ek kon en van toe af is ek 1 van sy prinssessies en kan nie vir 'n beter Abba vra nie.

## ARC(i)MOEDIGING

*GALASIËRS 6:9-10*

*"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. (10) Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."* Hierdie woorde gee vir ons bemoediging. Voel jy soms of daar net geen goeie nuus is nie—of alles altyd verkeerd gaan—jy leer, maar doen sleg in jou toets, jy oefen hard, maar kry nie span nie of jul wen nie wedstryde nie—moenie moed opgee nie—moenie ophou bid nie—hou aan oefen—hou aan leer—hou aan bid—God het vir ons hierdie belofte in GALASIËRS gegee—en dit is vir ons as kinders van God die beste nuus ooit—julle sal span maak—jy sal wen, jy sal daardie goeie punte kry—daar is altyd vir ons 'n "surprise" iewers—dinge mag dalk nie vandag gebeur soos wat jy wil nie—maar in Jesus se tyd sal jy die beste dinge kry—groter as wat jy nog ooit gedink het. As dinge vir jou te veel raak—onthou—daar is baie mense met wie jy kan gesels, Dominees, kategete, jeugwerker, ouers, vriende, familie—kom ons gryp die belofte aan—maak dit deel van ons daaglikse lewe—as jy positief begin dink dan gebeur positiewe dinge!

# ARC(i) HULP : WAT DOEN EK AS IEMAND MY VLOEK @#$%^&*()_$%^&*

**Hoe maak ek as iemand my vloek?**

Daar is baie mense met wie ons nie altyd oor die weg gaan kom nie en daar is mense met wie ons soms gaan baklei en dan kan dit gebeur dat die argument so lelik word dat die persoon omdraai en jou vloek. Hoe hanteer jy as kind van God so iets? Hoe reageer jy as kind van God as iemand jou vloek?

Jesus is vals beskuldig, Jesus is gemartel, Jesus is sleg gesê deur die mense wat Hom wou kruisig en uiteindelik is Jesus dood aan 'n kruis. Deur alles wat Jesus deurgemaak het het Hy nie een keer enige van die mense terug vervloek nie. Hy het gekies om hulle te vergewe.

**Lukas 23:34 Toe sê Jesus: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"**

As jy sê jy is 'n kind van die Here dan moet jy weet jy het ook Jesus se geaardheid in jou en dus moet jy kies om soos Jesus op te tree en om veel eerder weg te loop van 'n situasie waar jy gevloek word. Dit help nie jy wil die persoon terugbetaal of dalk terug vloek nie, want dan sak jy af tot op daardie persoon se vlak en jy is nié op die wêreld se vlak nie, want jy is 'n kind van God en Jesus verwag van jou om anders op tree as die wêreldse mense!

**Matteus 5:38-40 "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen kwaadwillige mense verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe. As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou bo-klere"**

Vergewe iemand wat jou vloek en antwoord hulle met 'n seënwens, want dan is jy binne die wil van God vir jou lewe en jy tree op soos wat Jesus wil hê jy moet optree, en onthou dat jou enigste doel in die lewe moet wees om die Here Jesus gelukkig te maak, niemand anders nie. Wanneer jy dan wegstap van die situasie af, sal jou saak met Jesus reg wees en die ander persoon se saak sal nie reg wees met Jesus nie, maar dit is nie vir jou om die wraak te neem nie. Laat die wraak aan die Here oor. Die Here sal die persoon wat jou gevloek het op Sy liefdevolle manier laat besef dat hy/sy verkeerd opgetree het en miskien sal die persoon jou vra om hom\haar te vergewe dan moet jy dit doen, want dit is wat Jesus sou gedoen het!

Onthou altyd om jouself die vraag af te vra: "What would Jesus do?"

Groete

Hennie Strydom

## WORSBRAAI :

VIR DRIE NAWEKE (27 Feb—13 MRT) STAAN DIE SPANNE EN BRAAI OM DIE WONDERLIKE WINS VAN R1300 VIR DIE JEUG FONDS TE MAAK. ONS GEBRUIK DIT VIR ONS KAMP ENS. ONS DAAG JUL UIT OM DIE 2de TERMYN HIERMEE AAN TE GAAN— 'N DEEL VAN DIE WINS SAL NA DIE GROEP TOE GAAN OM MEE TE DOEN WAT HUL WIL.....DINK SOLANK!

12 JUNIE 2010

KOM GENIET ONS SOKKER FEES SAAM MET DIE GEMEENTE : MAAK SPANNE BYMEKAAR EN KOM WYS ONS WIE IS DIE BESTE !!! MEER INLIGTING SAL NADER AAN DIE TYD BESKIKBAAR WEES



ARC(i)GEBEDE

- AL ONS MAATS WAT SIEK IS
- ONS KERK EN VERAL ONS JEUGBEDIENING
- ONS OUERS
- ONS LAND
- FAMILIES WAT MENSE AAN DIE DOOD MOES AFSTAAN
- EKSAMENS / TOETSE / SPORTSPANNE

ARC(i)GIGGELS

## BOEKVERSLAG

Mackenzie Allen Phillips's youngest daughter, Missy, has been abducted during a family vacation and evidence that she may have been brutally murdered is found in an abandoned shack deep in the Oregon wilderness. Four years later, in this midst of his Great Sadness, Mack receives a suspicious note, apparently from God, inviting him back to that shack for a weekend.
Against his better judgment he arrives at the shack on wintry afternoon and walks back into his darkest nightmare. What he finds there will change his life forever.
In a world where religion seems to grow increasingly irrelevant, THE SHACK wrestles with the timeless question, "Where is God in a world so filled with unspeakable pain?" The answers Mack gets will astound you and perhaps transform you as much as it did him. You'll want everyone you know to read this book!

## Wat sê ander?

*The Shack is vir my een van die beste boeke wat ek nog ooit gelees het! Ek dink dit hang af van waar jou verhouding met die Here staan - dit sal bepaal hoe jy die boek ervaar.*

*Vir my was die naweek wat hy by Jesus, die Vader en die Heilige Gees spandeer so 'n werklikheid dat ek elke keer snot en trane gehuil het omdat ek dit so werklik ervaar het. Moet ook nie afgesit word deur die feit dat God die Vader as 'n vrou voorgestel word aan die begin nie - die man in die verhaal het 'n baie, baie slegte herinnering as kind van sy pa en as God die Vader werklik 'n "vader" was, sou dit soveel moeiliker vir Mac gewees het om tot 'n verhouding te kom met die 3-Eenheid. Dit is 'n ongelooflike boek wat ek weer en weer en weer sal lees. Hoop daar kom gou 'n movie uit. (SB)*

Dit is 'n boek wat ek nou nie regtig beplan het om te lees nie, maar iemand in die gemeente het dit vir Marlia gegee en gevra sy moet haar mening daaroor gee. Die uiteinde daarvan was dat ek ook die boek gelees het. The Shack is nié 'n boek wat mens in 'n klompie reëls (nie eers 'n klompie bladsye) kan saamvat nie. Dit is 'n boek wat die storie van Mack vertel. Mens moet dit baie duidelik verstaan: dit is nié die Bybel óf 'n plaasvervanger vir die Bybel nie, ook nie 'n tipe "openbaring" nie. Dit vertel 'n storie wat vir sommige mense moeilik is om te verwerk, vir ander maak dit sekere dinge in die Bybel duideliker. Dinge word op 'n (vir ons, in elk geval) vreemde manier oorgedra. Ek dink dit is belangrik om die boek met die regte ingesteldheid te lees, naamlik dat dit 'n storie en dat jy ook met 'n oop gemoed dit moet lees. Jy moet nie verwag dat die boek vir jou 'n perfekte resep vir jou verhouding met God gee nie, maar The Shack raak dinge aan wat vir ons vandag ook baie relevant is, o.a. vergifnis en ook waar is God in lyding? Dit is dan ook baie belangrik om, nadat jy die boek (vir die eerste keer) gelees het, terug te gaan na die Bybel en weer te gaan lees oor dinge soos byvoorbeeld vergifnis.

The Shack het my nuut laat dink oor 'n klompie dinge en as gevolg hiervan en ook 'n aantal vrae wat mense gevra het, dink ek daaraan om gedurende die derde kwartaal by 'n paar geleenthede daaroor te gesels - heel moontlik op 'n paar Donderdagaande. As jy die boek lees en vrae het, skakel my gerus! (Ds Robert)